# Hillcrest High School

Graad 10

# AFRIKAANS EAT V3

NOVEMBER 2023

**PUNTE:** 100

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Me. S. Schoeman

**INLIGTING EN INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Opstel (50)

   AFDELING B: Langer Transaksionele Teks (30)

   AFDELING C: Korter teks: Naslaan-,informatiewe en Transaksionele Tekste. (20)

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy ‘n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

   Afdeling A: 60 minute
   Afdeling B: 40 minute
   Afdeling C: 20 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

## AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

- **Kies EEN onderwerp en skryf 210-250 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.**
- **Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het, onder jou opstel neer.**

1.1 Ek sal dit altyd onthou! [50]

1.2 My jongste sussie maak my mal! [50]

1.3 Sosiale media. [50]

1.4 Ek wens... [50]

1.5 My rolmodel. [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer en die titel van jou opstel neer.


**LET WEL**: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1




[50]

1.6.2



[50]

1.6.3



[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50 PUNTE**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.
- Skryf die aantal woorde aan die einde van die teks neer.

**2.1 RESENSIE**

Jy het onlangs 'n baie goeie boek gelees.

Skryf 'n resensie oor die boek. [30]

**2.2 TOESPRAAK**

Jy was saam met 'n skoolgroep op 'n toer na 'n ander land. Die hoof het jou gevra om jou ondervinding met die skool te deel.

Skryf die toespraak neer. [30]

**2.3 DIALOOG**

Jy en jou maat gesels oor die probleme wat ons op die oomblik in ons land en ook in die wêreld ondervind.

Skryf julle gesprek neer. [30]

**TOTAAL AFDELING B: 30 PUNTE**

## <u>AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS</u>

### <u>VRAAG 3</u>

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 - 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.
- Skryf die aantal woorde aan die einde van die teks neer.

### 3.1 <u>DAGBOEKINSKRYWING:</u>

Jy is Lisan, 'n uitruilstudent in Breda, Nederland, en woon met die Van Loon gesin.

Maak **<u>TWEE</u>** dagboekinskrywings oor:

- Die aand toe jy en Geeske skelm na die karnavaal-partytjie toe gegaan het.

**EN**

- Wat die dag daarna gebeur het. [20]

### 3.2 <u>UITNODIGING:</u>

Dit is binnekort jou sestiende verjaardag.

Maak 'n uitnodigingskaartjie waar jy jou beste maat na jou sestiende verjaardagpartytjie toe nooi. [20]

**TOTAAL AFDELING C : 20 PUNTE**

**GROOT TOTAAL : 100 PUNTE**